

Doeltreffende aanvullings vir groen somerweiding



Deur Pieter Brönn (Pr.Sci.Nat.), Feedtek

Die hoë voedingswaarde van aangeplante en groen somerweiding bied aan veeboere die geleentheid om maksimum diereproduksie met minimale aanvullende voeding te realiseer. Weidings toon egter sekere wanbalanse en tekorte. Die regstel van hierdie tekorte met korrekte aanvullende voeding, lei tot beter benutting van vee se produksiepotensiaal.

Minerale en vitamienes speel 'n bepaalde rol in die reproduksie, immuniteit en groei van herkouers. Alhoewel die meeste herkouers met die beskikbare minerale en vitamienes op groen somerweiding kan oorleef, word daar meestal nie aan hul voedingsbehoefte voldoen om deurlopende hoë produksie- en reproduksievlakke te handhaaf nie.

Wisselvallige voedingstofvlakke

Net omdat gras groen is en aktief groei, beteken nie dat dit deurgaans dieselfde hoeveelheid minerale, vitamienes of spoorminerale bevat nie. Hierdie vlakke wissel drasties tussen seisoene en dikwels van maand tot maand. Die proteïen- en energie-inhoud van gras is ook wisselvallig, met energie wat meestal eerste beperk raak, veral onder groenweidingstoestande. Dit is as gevolg van die

hoë voginhoud (tot 85%) wat die inname van droëmateriaal beperk.

Temperatuur, reënval, grasspesie, stadium van beweiding (volwassenheid) en grondvrugbaarheid is enkele faktore wat proteïen- en energie-inhoud gedurende die groeiseisoen beïnvloed. Boonop het die meerderheid grondtipes in Suider-Afrika 'n fosfortekort wat groei, vrugbaarheid en melkproduksie kan belemmer.

Voedingsbehoefte van vee

Vee se voedingsbehoefte verander namate verskillende produksiestadia bereik word, byvoorbeeld met dragtigheid, by droë of lakterende diere, en tydens verskillende groeistadia.

Hoewel die meeste produsente mineraal- en vitamienaanvullings gedurende die droë seisoen voorsien, word mineraalaanvullings dikwels gestaak sodra weidings groen en in die groeistadium is. Hierdie praktyk kan produksiekoste in die



die mees ekonomies doeltreffende wyse te balanseer. Minerale en vitamienes is 'n klein, dog uiters belangrike aspek van veevoeding.

Makrominerale sluit kalsium, fosfor, magnesium, kalium, swaavel en sout in, en is in relatiewe groot hoeveelhede nodig. Spoorminerale sluit koper, kobalt, mangaan, jodium, yster, selenium en sink in, en word in klein hoeveelhede benodig. Onder sekere omstandighede kan die aanvulling van vitamienes A, D en E ook oorweeg word.

Selfmeng van groenseisoenlekkte

'n Gehalte fosfaatlekkte is 'n uitstekende bevestiging vir die kudde en sal langtermyndividende oplewer. Feedtek Green Grazer 126 (Reg no. V16145) is 'n gevorderde mineraal- en spoor-mineraallekkonsentraat vir die selfmeng van kostedoeltreffende groenseisoenlekkte (Tabel 1).

Green Grazer 126 bevat 'n volledige reeks makro- en spoorminerale asook 'n ionofoor wat beter benutting van weiding, meer doeltreffende energieverbruik en uiteindelik beter speengewigte en vrugbaarheid teweeg bring. Die eindresultaat is meer wins.

Tabel 1: Voorbeelde van groenweiding-lekmengsels met Green Grazer 126.

Grondstof	Mineralelek	Produksielek	Energielek	Veldafrondlek
Graanmeel/hominy chop*	-	600	800	910
Sout	500	200	100	50
Green Grazer 126	500	200	100	40
Totaal (kg)	1 000	1 000	1 000	1 000
Samestelling (%)				
Kalsium	10,07	4,03	2,02	0,70
Fosfor	6,30	2,68	1,47	0,75
Magnesium	3,39	1,44	0,80	0,36
Swaavel	2,63	1,12	0,62	0,32
Metaboliseerbare energie (MJ/kg) (beraam)	-	7,45	9,94	11,30
Inname – beeste (g/dag)	100 - 200	250 - 500	500 - 1 000	1 000 - 2 000
Inname – kleinvee (g/dag)	20 - 40	50 - 100	100 - 200	300 - 500

* Vervang tot 10% van die graanmeel met melassemeel of -stroop indien so verkies, en 10% met enige oliekoekmeel vir jong, laatdragtige en lakterende kleinvee.

korttermyn verlaag, maar die produsent oor die langtermyn duur te staan kom. Sels wanneer marginale tekorte voorkom, is die eindresultaat dikwels suboptimale groei en reproduksie.

Kies die korrekte aanvulling

Die aanval van weidende vee se dieet is daarop gemik om voedingstekorte en -wanbalanse op

Besoek Feedtek se webtuiste by www.feedtek.co.za vir meer inligting.